

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 7: Vayetze (אציו) – En Hy Het Gegaan

Ya'akov het uit Be'er-Sheva vertrek in die rigting van Haran. Gen. 28:10 – PWL Vertaling¹

Torah : Gen. 28:10 tot 32:3

- ❖ **Inleiding**
- ❖ **Gen. 28:10 tot 16** – 'n Jakob-ontmoeting.
- ❖ **Gen. 28:22** – Gee van tiendes.
- ❖ **Gen. 29:20** – Ware Liefde.
- ❖ **Gen. 30:39** – Die vensters van die siel.

Haftorah: Hosea 12:13 tot 14:10 – Efraim het YHVH verlaat, maar YHVH nie vir Efraim nie

B'rit Chadashah: Matt. 3:13 tot 4:11; Joh. 1:43 tot 51; 1 Kor. 10:6 tot 11

Better the pain of growth than the comfort of emptiness – Rabbi Shaul Rosenblatt

When we are no longer able to change a situation, we are challenged to change ourselves – Viktor Frankl

Experience is not what happens to a man; it is what a man does with what happens to him – Aldous Huxley

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

Midrash (Torah Bespreking) Inleiding

Hierdie Parashah begin waar Jakob van sy ouerhuis wegvlug uit vrees vir sy broer Esau.

‘Esav het Ya’akov gehaat as gevolg van die seën waarmee sy vader hom geseën het en ‘Esav het in sy binneste gedink: “Die dae van rou oor my vader is naby, dan sal ek my broer Ya’akov doodmaak.”

Gen. 27:42 – PWL Vertaling.

Hy het Ooswaarts gevlug na Babilon waar sy oupa Abraham vandaan gekom het. Hoewel Jakob volgens YHVH se belofte bestem was om die mantel van die eersgeborene wat Abraham aan Isak gegee het te ontvang, het Jakob, eerder as om op YHVH te wag, dit op ‘n slinkse wyse bekom. Sy optrede het hom buite die wil van YHVH geplaas en hy het saad gesaai wat sou groei tot ‘n oes wat afgehaal moes word. Ten spyte hiervan sien ons YHVH as ‘n God van genade wat die negatief in ‘n postief kan omskep. YHVH laat Hom nie van stryk bring deur die planne van die mens nie!

Ons almal beland hoofsaaklik om twee redes in situasies wat ons eerder graag sou wou vermy het, naamlik:

- ❖ Weens eie keuses wat ons maak of
- ❖ Vader-God beplan of laat toe dat situasies in ons lewens ontstaan.

Die gevolg van eie keuses is gewoonlik dat dit wat jy saai, sal jy maai. Daar is vergifnis vir verkeerde keuses, maar die gevolge van die keuse is dikwels langtermyn. Wanneer YHVH jou egter in ‘n situasie plaas, of toelaat dat ‘n situasie ontstaan, is dit gewoonlik om jou te beproef en sodat jy met jouself gekonfronteer word. Beide eie keuses en situasies deur YHVH beplan of toegelaat, is geleentheid vir selfondersoek en versoening met Vader-God en met medemens. Wanneer anders doen ons regtig ernstige en eerlike selfondersoek as in tye van swaarkry, hartseer en beproewing? Dit is eers dan wat ‘n mens bereid is om na jou lewe deur die lens van Vader-God se Woord (Torah) te kyk!

In verlede week se parashah het ons geleer hoe Jakob se eie keuse van hom ‘n vlugteling gemaak het. Maar ons het ook geleer hoe Esau sy eersgeboorte reg afgestaan het deur ‘n verkeerde keuse!

Hierdie week leer ons hoe Jakob in ‘n situasie beland wat deur YHVH self beplan was. Jakob het nie net vir sy lewe gevrees nie, maar was sekerlik ook verward en onseker, want aan hom was die belofte van YHVH aan Abraham van die Beloofde Land, asook die nageslag wat dit sal beërwe, via Isak oorgedra. En tog, hy is die een wat uit Kanaän, die Beloofde Land, moet vlug terwyl sy broer Esau agterbly! Jakob is deur God self gekies om ‘n sleutelrol te speel in YHVH se totale verlossingsplan van herstel deur Yeshua die Messias. En tog moes Jakob vir 20 jaar ‘n veeherder wees voor hy genoeg bymekaar gemaak het om ‘n huishouding te kon bekostig. Jakob moes eers in konfrontasie met homself wees alvorens hy ‘n geskikte werktuig in YHVH se hande kon wees. Hy moes homself eers voor YHVH verneder, sodat YHVH hom kan verhoog (Jak. 4:6 tot 9). In vele opsigte kan ons met Jakob identifiseer. Daar is ook veel om te leer uit die lewe van Jakob!

Die doel van Torahstudie (*midrash*) is ondermeer om kennis en wysheid te bekom: *The more we study the Word of YHVH and the examples of the lives of those showcased therein, the more we can learn about our own lives. So study the recorded events about the lives of YHVH’s servants of old to learn wisdom for your daily life and spiritual walk* (Nathan Lawrence; *Vayetze*).

To acquire knowledge, one must study; but to acquire wisdom, one must observe!

Ons word ook herinner aan die woorde van Paulus in 1 Kor. 10:6 tot 11!

Hierdie dinge is ‘n voorbeeld vir ons, dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie en ook nie dienaars van afgode moet wees soos sommige van hulle was nie; soos geskrywe is:

“Die mense het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel.” Laat ons ook nie seksueel immoreel wees soos sommige van hulle seksueel immoreel was en daar op een dag drie en twintig duisend geval het nie. Laat ons nie ook Die Gesalfde Een toets soos sommige van hulle Hom getoets het en slange hulle vernietig het nie. Ons moet ook nie kla soos sommige van hulle gekla het nie en deur die vernietiger vernietig is. Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as ‘n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. (PWL Vertaling)

Bepeins of Bespreek

1. Onthou: Wat met die voorvaders gebeur het, is ‘n heenwysing wat met die nageslagte (ons) ook (sal) gebeur. Ons voorgeslagte (generasies) uit die ou verbond is vir ons en ons nageslagte belangrik, want dit is die oorsprong van ons geestelike erfenis en van ons toekoms in die einde van dae. Verwys Matt. 1:17 – is ons nie die 14e geslag in Yeshua nie? Sien dit in verband met die volgende: Sewe dae van die skepping kom ooreen met 7000 jaar in YHVH se plan van herstel en 1 dag is soos ‘n 1000 jaar (2 Pet. 3:8). Ons is aan die einde van die sesde 1000 jaar van die skepping. Die sewende 1000 jaar is die Millennium. Is ons die volgende geslag – die begin van ‘n nuwe siklus van 14 geslagte?

Gen. 28:10 tot 16 – ‘n Jakob-ontmoeting

Hy het by ‘n sekere plek gekom waar hy oornag het, want die son was al onder en hy vat een van die klippe van daardie plek en sit dit onder sy kop en hy gaan lê op dié plek en slaap. Gen. 28:11 (PWL – Vertaling)

Ons almal het al ‘n Jakob-ontmoeting ervaar wat jou lewe ingrypend verander het. Dit is die plek waar elkeen tot stilstand kom om her te besin en selfondersoek te doen.

In die King James vertaling lees Gen. 28:11 soos volg: *And he **lighted** upon a certain place....* Die Hebreeus vir *lighted* is *pagah* en beteken om tot stilstand gedwing (geruk) te word deur ‘n gebeurtenis.

Terwyl Jakob vir Esau gevlug het, het hy nie ‘n ander keuse gehad as om sy vlugtog te onderbreek nie. YHVH het ‘n ontmoeting met Jakob beplan – ‘n lewensveranderende ontmoeting! Hoewel hierdie oornagpunt by die stad Lus was, het Jakob die opelug en ‘n klip as kussing verkies. Sy eie gerief was die laaste ding waaraan Jakob gedink het toe hy sy kop op die klip *op die plek* (Hebreeus: *makom*) neergelê het om te slaap.

Hy het gedroom: let op, ‘n leer is op die aarde opgestel waarvan die punt tot by die hemele kom en let op, die engele van God gaan daarmee op en af. Let op, יהוה het bo-aan dit gestaan en gesê: “Ek is יהוה, die God van jou vader Avraham en die God van Yitz’gak. Die land waarop jy lê, gee Ek aan jou en aan jou nageslag en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde en jy sal uitbrei na die weste en die ooste en na die noorde en die suide en in jou en jou Saad sal al die families van die aarde geseën wees. Let op, Ek is by jou en Ek sal jou beskerm oral waar jy heengaan en Ek sal jou terugbring in hierdie land, want Ek sal jou nie verlaat nie, totdat Ek gedoen het wat Ek vir jou gesê het.” Gen. 28:12 tot 15 – PWL Vertaling.

Toe Jakob wakker geword het, het hy geweet dat hierdie ‘n lewensveranderende ondervinding was. Niks sou meer dieselfde wees nie, nie net wat homself aanbetref nie, maar ook vir toekomstige geslagte. Jakob het besef dat YHVH op hierdie plek is, hoewel hy dit aanvanklik nie besef het nie.

Ya’akov word uit sy slaap wakker en sê: “Waarlik, יהוה is op hierdie plek en ek het dit nie geweet nie.” Hy het bang geword en gesê: “Hoe vreeslik is hierdie plek! Hierdie is niks anders as ‘n huis van God nie en hierdie is die hek van die hemel.” Gen. 28:16 en 17 – PWL Vertaling

Hierdie plek was dieselfde plek waar Abraham vir Isak geneem het om hom te offer (Gen. 22:2, 4, 8 en 9) en dit is geleë in die gebergte van Moria. Abraham, Isak en Jakob het dus elkeen op hierdie plek, in die gebergte van Moriah ‘n ontmoeting met YHVH gehad. Dit is die plek waar die eerste en tweede tempel gebou was en die tempel weer gebou sal word en dit is dieselfde gebergte waar Yeshua gekruisig was en weer sal verskyn (op die olyfberg) (Sag. 14:4). Hierdie is die plek (*makom*) waar die hemel die aarde ontmoet, naamlik: *Malchut Shamaiym* – die plek waar YHVH die mens ontmoet – die poort na die hemel.

Die leer wat Jakob in sy droom gesien het, was nie net vir daardie oomblik in tyd nie, maar is tydloos. Dit strek in tyd vanaf Jakob tot die hede en tot in die toekoms. Die klip (rots) waarop Jakob sy kop laat rus het, was nie ‘n gewone klip nie, maar was Yeshua die rots (Matt. 16:18). Dit was deel van die altaar waarop Abraham bereid was om Isak te offer. Hierdie is die plek waar elkeen tot stilstand gedwing word om YHVH Yeshua te ontmoet. Dit is die plek van sondevergifnis en van die sterwe aan die eie-ek. Dit is die plek van opstanding van die nuwe mens in Yeshua Messias en die begin van heiligmaking, naamlik die ‘bou’ (inrig) van my liggaam as die huis van God (Bet-el)(Gen. 28:19; Rom. 12:1).

Die feit dat Jakob die plek die huis van God genoem het was ook profeties, want dit is die plek waar die tempel gebou sou word. Dit sou die huis wees waar Vader-God saam met Sy kinders sou woon.

Daarom, gooi alle boosheid, alle misleiding, bevooroordeeldheid, afguns en alle kwaadpraterij af. Verlang sterk, soos drinkende babas, na die suiwer en geestelike melk van die boodskap, waardeur julle sterk kan groei vir die lewe, as julle geproe en gesien het dat יהוה goed is. Hy na Wie julle naderkom, die Lewende Steen, wat deur die mense verwerp is, maar deur God gekies en kosbaar is. Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het ‘n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, Die Gesalfde Een. Dit word gesê in die Skrifte: “Let op! Ek lê in Tziyon ‘n goedgekeurde en kosbare Hoeksteen en die wat in Hom vertrou, sal nooit beskaam word nie. Vir die wat aanhou vertrou, is hierdie eer gegee, maar vir die wat nie vertrou nie is Hy: “‘n Klip van struikeling en ‘n Rots van aanstoot” en hulle struikel daarvoor deurdat hulle nie die boodskap gehoorsaam nie, want hiervoor is hulle aangestel. Julle is ‘n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, ‘n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofpysing van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. 1 Pet. 2:1 tot 10 (PWL Vertaling)

Soos reeds genoem is die plek (*makom*) waar Jakob tot stilstand gedwing is, die plek van ontmoeting soos deur YHVH self bepaal was. So was die berg Sinai ook die plek van ontmoeting vir die nageslag van Jakob! Ons sien hierdie waarheid in die gematria (die toekenning van numeriese waardes aan die letters van die Hebreeuse alfabet) en in die piktogramme (betekenis van elke Hebreeuse letter) van die woorde *leer* en *Sinai*:

❖ **Leer** (לרם – *sullam*): *samekh* (60) + *lamed* (30) + *mem* (40) = 130. Die leer in Jakob se droom word ondermeer gesien as ‘n sinnebeeld van Torah, naamlik dit wat die hemel en die aarde verbind. Indien daar na die betekenis van die letters (volgens Hebreeuse denke) gekyk word, vind ons die volgende:

- *Samekh*: Simboliseer ‘n geslote ring (‘n trouring) en is ‘n sinnebeeld van YHVH, want dit het geen begin en geen einde en dit omsirkel (omvou) alles. Die grondwoord van *samekh* beteken *om te leuen op; te ondersteun; handhaaf*.
- *Lamed*: simboliseer *Koning van Konings*, asook om Torah te bestudeer en verwys dus na Yeshua, die Lewende Torah, en Leermeester.

- *Mem*: simboliseer water – die fontein van lewende water en dus Torah.

In die woord *leer* (*sullam*) is dus die Alomteenwoordige YHVH en die Koning van alle konings, naamlik Yeshua wat die lewende water van Torah is, asook ons Leermeester.

- ❖ Sinai (סיני – *siynay*): *samekh* (60) + *yod* (10) + *Nun* (50) + *Yod* (10) = 130. Die Torah is aan Israel gegee by die berg Sinai. Die berg Sinai is ook soos ‘n leer waar Moses op en af geklim het om die Torah te ontvang. Indien daar na die betekenis van die letters gekyk word, vind ons die volgende:
 - *Samekh*: Simboliseer ‘n geslote ring (‘n trouing) en is ‘n sinnebeeld van YHVH, want dit het geen begin en geen einde en dit omsirkel (omvou) alles. Die grondwoord van *samekh* beteken *om te leuen op; te ondersteun; handhaaf*.
 - *Yod*: Omrede *yod* deel is van elke letter en elke woord van Hebreeus, word die *yod* beskou as die begin van die teenwoordigheid van YHVH in alle dinge – as te ware die vonk van die Gees van lewe in alles wat geskape is.
 - *Nun*: Simboliseer saad en is ‘n sinnebeeld van lewe. Dit simboliseer die lewe in Yeshua Messias – die goeie saad van die Woord (Torah).

In die woord *Sinai* (*siynay*) sien ons YHVH wat die vonk (vuur) van die lewe in die tien gebooe (Tien Woorde) is, naamlik die goeie saad van die Woord (Torah) wat Yeshua is.

Die gematria van beide die woord *leer* (*sullam*) en *Sinai* (*siynay*) is dieselfde, naamlik 130. Die getal 100 verwys na die *kinders van die belofte* (Rom. 9:6 tot 8). Abraham was 100 jaar oud toe Isak (die kind van die belofte) gebore was (Gen. 21:5). Die getal 100 verwys ook na die belofte van die seëninge wat die kinders van die belofte sal ontvang (Gen. 26:12 – hondervoudige opbrengs; Mark. 4:8 en 20). Die kinders van die belofte is die skape van Yeshua se weiding (Matt. 18:11 en 12; Joh. 10:1 tot 21). Die getal 30 is die numeriese waarde van die letter *lamed* wat ‘n sinnebeeld is van onderrig in Torah en van volle sterkte, krag en vermoë. Die getal 130 simboliseer dus die kinders (die nageslag) van Abraham wat volgens Torah-gehoorsaamheid lewe en wat die seëninge van YHVH deelagtig sal wees in volle krag en vermoë.

Die plek (*makom*) van ontmoeting waar Jakob en Israel ‘n ontmoeting met YHVH gehad het, is ‘n sinnebeeld van ‘n ontmoeting met YHVH Yeshua. Dit het alles te doen met versoening tussen YHVH en die mens deur die genade in Yeshua Messias.

Volgens Judaïsme word *Makom* (*die plek*) ook met die naam van YHVH verbind.

מָקוֹם

Let daarop dat hierdie woord bevat beide die *oop-mem* (מ) en die *geslote-mem* (*mem-sofit*)(ם) en verwys na die openbaarde teenwoordigheid en kennis van YHVH, maar ook na die geslote en geheimenisse van YHVH.

Die grondwoord vir *makom* is *kom* (קָם) wat *opstaan* beteken en wat dus ‘n heenwysing van die opstanding van Yeshua is, asook van die opstanding van die nuwe mens in Yeshua. Dit is die plek van wedergeboorte.

Die rots (steen, hoeksteen) waarop Jakob sy hoof gerus het, is Yeshua Messias (Jes. 28:16).

en Ek sê verder vir jou: ‘Jy is Kefa, op Hierdie Rots sal Ek My vergadering van uitgeroepes bou en die hekke van Sh’ol sal nie daarteen kan staan nie. Ek sal aan jou die sleutels van die Koninkryk van

die hemel gee en wat jy ook op die aarde mag vasbind, sal vasgebind wees, soos dit in die hemel reeds vasgebind is en wat jy ook op die aarde mag losmaak, sal losgemaak wees soos dit in die hemel reeds losgemaak is'." Matt. 16:18 en 19 (PWL Vertaling)

Die 613 *mitzvot* (opdragte, instruksies) is die sleutels van die Koninkryk. Hierdie is die beginsels waarop YHWH se Koninkryk gebou word. As priesters moet ons hierdie Koninkrykbeginsels ken en toepas. Dit is om lewe te kies (Deut. 30:19) en dit is om in onderdanigheid aan Vader-God doeltreffende weerstand teen Satan te bied (Jak. 4:7).

Daarom het Yeshua gesê: *Die dief (Satan) kom om te steel te slag en te verwoes. Ek (die Vleesgeworde Woord, die Torah) het gekom dat julle lewe en oorvloed kan hê* (Joh. 10:10). Satan word *gebind* (aan bande gelê) wanneer ons Torah-gehoorsaam is, maar hy word *losgelaat* wanneer ons in moedswillige ongehoorsaamheid aan Torah lewe! Daarom skryf Jakobus:

Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Jak. 4:7

Let op die volgorde, naamlik eers onderwerp (gehoorsaam wees) aan YHWH (Sy Torah) en dan die duiwel weerstaan! Om Satan te weerstaan sonder Torah-gehoorsaamheid is nutteloos! Ongehoorsaamheid aan YHWH se Torah is gehoorsaamheid aan Satan!!

A child of Yahweh who walks in obedience to the teaching and instruction of the King's Kingdom, is in Hebrew understanding considered to be walking in Torah as they are one and the same. According to Scripture, if we walk in obedience to His Word [Olam Haba], this binds/forbids the enemy from touching our lives. If we miss the mark or walk outside the Kingdom found in Torah as in entertaining bitterness or accusation [Olam Hazeh], this looses the enemy to come against us. Obedience to Yahweh's Word brings the blessings. (Ardelle, Parashah Vayetze).

In Matt. 7:24 tot 27 vind ons bevestiging dat Yeshua die rots is waarop ons ons huis moet bou. Die Torah is die *bouplanne* vir hierdie huis. 'n Huis wat op Die Rots volgens Torah bouplanne gebou word, is 'n huis wat alle storms sal weerstaan! Verwys ook Eseg. 43:9 tot 12; 1 Kor. 3:9 tot 17.

Bepeins of bespreek

1. Die geestelike betekenis van Abraham wat bereid was om Isak te offer, tesame met die geestelike betekenis van Jakob se droom, is 'n sinnebeeld van wedergeboorte, naamlik van die evangelie – die goeie nuus. Die meerderheid gelowiges beskou egter die evangelieboodskap as “nuwe testamenties”. Hierdie siening is verkeerd, want die skrywers van die Skrifte van die hernieude verbond verwys na die evangelie as die boodskap wat ook aan Israel van ouds verkondig was. Die volgende Skrifverwysing bevestig dit: Gal. 3:8; Heb. 4:2; 1 Pet. 4:6 en Open. 14:6.
 - ❖ Hoe is die evangelie aan Adam en Eva verkondig (Gen. 3:15 en 21)?
 - ❖ Hoe is die evangelie aan Kain en Abel verkondig (Gen. 4:4)?
 - ❖ Hoe is die evangelie aan Noag verkondig (Gen. 5:29; Gen. 6:8 en 9; Heb. 11:7; 1 Pet. 3:20; 2 Pet. 2:5)?
 - ❖ Hoe is die evangelie aan Abraham verkondig (Gen. 12:3; gen. 18:18; Gen. 22:18; Gen. 26:4)?
 - ❖ In hierdie Parashah sien ons hoe die evangelieboodskap aan Jakob bevestig was!
 - ❖ Wat is die kernboodskap van hierdie evangelie en na wie verwys hierdie boodskap?

2. Onder die ou verbond was Israel se redding deur geloof in Yeshua as die versoeningsoffer toekomsgerig en onder die hernieude verbond is ons redding deur geloof in Yeshua as die eenmalige offer geskiedkundig gerig! Israel van ouds was gered deur geloof in die Messias wat sou kom en ons word vandag gered deur geloof in die Messias wat gekom het! Beide die oue en die hernieude verbond is YHVH se genade voorsiening in Yeshua, naamlik geloof tot geregtigheid. Verwys Gen 6:8 and 15:6. Rom 4:3, 9, 22; Gal 3:6; Efes. 2:8). Redding was en is en sal vir ewig 'n genadegawe ('n geskenk) wees vir die wat glo in Yeshua as die Messias.
3. Hoewel wedergeboorte ons eerste "Jakob-ondervinding" is, sal ons ook in ander situasies beland waar ons soos Jakob sal sê: *Waarlik, YHVH is op hierdie plek en ek het dit nie geweet nie* (Gen. 28:16). Onthou: Die doel van beproewing en tugtiging is om heiligmaking te bevorder!

Gen. 28:22 – Gee van tiendes

....en van alles wat U my gee, sal ek 'n tiende as tiende aan U gee."

Die gee van tiendes moet gesien word in die lig van die volgende offerandes:

- die *minchah* offerande, ook bekend as die spysoffer (*grainoffering*) (Lev. 2:1 tot 16) en
- die *shelamim* offerande, ook bekend as dankoffer (loffer, *peace offering*) (Lev. 3:1 tot 17) en

Hierdie is vrywillige offerandes van eerbetoon in erkenning vir Vader-God se goedheid en voorsiening in alle behoeftes. Die oorhoofse doel van hierdie offerandes is nie soseer tot versoening en vergifnis nie, maar as dankbaarheid en as verering (aanbidding) van YHVH.

Daarom is die gesindheid waarmee gegee word so uiters belangrik!

Vereer YHVH uit jou goed en uit die eersteling van al jou inkomste; dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos. Spr. 3:9 en 10.

Ons moet YHVH nie net vereer deur ons liggame as lewende, afgesonderde en welgevallige offers te gee nie (Rom. 12:1), maar ons moet Hom ook vereer deur ons materële besittings. Hoewel die materiële verering van YHVH ondergeskik is aan die verering deur gees, siel en liggaam, bepaal die gee van tiendes van jou besittings, en van die eerste vrugte van jou opbrengs, die erns waarmee YHVH gedien word en bereidwilligheid om gehoorsaam te wees wanneer dit jou sak raak. Die gee van tiendes is 'n hartsaak en een van die wyses wat YHVH ons beproef.

Die offerandes en die gee van tiendes sal in toekomstige parashot in meer detail bespreek word.

Bepeins of Bespreek

1. Aan wie het Jakob 'n tiende gegee, want daar was geen tabernakel (tempel) of priesterorde nie? Is diegene wat 'kerkloos' is dan nie in dieselfde situasie as Jakob nie?
2. Is daar 'n verskil in die gee van tiendes en liefdadigheid, byvoorbeeld: Is hulpverlening aan behoeftiges nie soortgelyk as die gee van tiendes nie?
3. Hoewel die kerk (die Christendom) vryheid van Torah (die wet) verkondig, word lidmate gereeld herinner aan die wet van die gee van hulle tiendes!!
4. Vader-God verwag nie dat ons vir Hom 'n tiende gee van wat ons nie het nie. Daarom moet die vertaling van Gen. 28:20 lees: *En Jakob het 'n gelofte gedoen en gesê: Soos* (en nie *as* nie) *God met my sal wees....*

Gen. 29:20 – Ware Liefde

So het Ya'akov dan sewe jaar gewerk vir Ragel en dit was in sy oë soos 'n dag, omdat hy haar liefgehad het.

Jakob was nie verlief op Ragel nie, maar hy het haar waarlik liefgehad. Wat is die verskil tussen liefde en verliefdheid?

1. Verliefdheid is kitsbegeerte wat veroorsaak word deur een stel hormone wat soos 'n magneet 'n ander stel hormone aantrek. Dit is die “urge to merge”. Dit is 'n kategorie 5 hormoonstorm. Alle storms word hulself egter uiteindelik uit en al wat oorbly is die skade wat aangerig is.
2. Ware liefde is vriendskap wat vlam gevat het en elke dag al hoër brand tot dit onuitblusbaar geword het. Liefde is vriendskap wat rypheid en volwassenheid bereik het.
3. Verliefdheid word deur onsekerheid gekenmerk, veral ten opsigte van die getrouheid en ware bedoelinge van die een op wie verlief is. Die vrees dat jy jou geliefde dalk gou kwyt kan wees, gee aanleiding tot 'n oorhaastige trouery. Verliefdheid het altyd 'n seksuele botoon met die klem op die eie-ek.
4. Die persoon wat verlief is, is eintlik meer lief vir homself of haarself, want die fokus is op die behoefte en bevrediging van die eie-ek!

Die volgende is 'n herhaling van wat ware liefde is en wat in vorige parashot reeds gesê is, maar dit is goed om dit weer te hoor en te bepeins:

Liefde het niks te doen met wat jy verwag om terug te ontvang nie. Liefde het slegs te doen met wat jy bereid is om te gee en ware liefde is bereid om alles te gee. Wat jy terug ontvang sal wissel, maar dit het geen verbintenis met wat jy bereid is om te gee of hoeveel jy gee nie. Jy gee alles en verwag niks omrede jy waarlik liefhet.

Dit is die liefde waarmee YHVH Yeshua ons liefhet! YHVH het ons vrywillig lief! En dit is hoe ons moet liefhê!

Bepeins of Bespreek

1. Die verskil tussen liefde en verliefdheid is soos die verskil tussen 'n verbond en 'n kontrak. 'n Huwelik is 'n verbond en nie 'n kontrak nie. 'n Kontrak is 'n selfsugtige ooreenkoms waar eie belange beskerm word. Maar 'n verbond is 'n onselfsugtige ooreenkoms waar die belange van die verbondvennoot bo eie belange gestel word.

Gen. 30:39 – Die vensters van die siel

Die vee het op hitte gekom by die latte en die vee het gestreeptes, gestippeldes en bontes gelam.

Laban het met Jakob ooreengekom dat alle gestippelde, gestreepte, bont en swart vee aan Jakob sal behoort. Onmiddellik na hierdie ooreenkoms het Laban egter alle vee wat hieraan voldoen uit die trop verwyder en aan sy seuns gegee.

Jakob het hom egter nie van stryk laat bring nie, maar ‘genetiese manipulasie’ toegepas.

Ya'akov vat vir homself groen latte van populier-, amandel- en plataanhout en hy skil wit strepe daarvan af sodat die wit van die latte wys en hy sit die latte wat hy afgeskil het, vlak voor die vee in die trôe, in die drinkbakke waar die vee kom drink het sodat hulle op hitte kom as hulle kom drink. Die vee het op hitte gekom by die latte en die vee het gestreeptes, gestippeldes en bontes gelam. Gen. 30:37 tot 39 – PWL Vertaling.

Dit was 'n algemene siening van daardie tyd dat dit wat gedurende bevrugting en swangerskap gesien word 'n invloed op die embrio sal hê. So het in die geval van Jakob se handeling die eenkleurige (wit) ooie dan wel bont lammers voortgebring en Jakob het ryk geword!

Uit wetenskaplike oogpunt moet hierdie 'genetiese manipulasie' ernstig bevraagteken word! Selfs Jakob was twyfelagtig of die sukses te wyte was aan die latte wat hy gesny het, en daarom het hy aan sy vroue erken:

As hy sou sê: 'Die gestippeldes sal jou loon wees,' dan lam al die vee gestippeldes en as hy sê: 'Die gestreeptes sal jou loon wees,' dan lam al die vee gestreeptes. So het God die vee van julle vader af weggevat en aan my gegee. Dit het gebeur, in die tyd toe die kleinvee op hitte was, dat ek my oë opgeslaan en in 'n droom gesien het dat die bokramme wat die kleinvee dek, gestreep, gestippeld en bont was en die Engel van God sê vir my in die droom: 'Ya'akov!' Ek antwoord: 'Hier is ek!' Hy sê: 'Slaan tog jou oë op en kyk: al die bokramme wat die kleinvee dek, is gestreep, gestippeld en bont, want Ek het alles gesien wat Lavan aan jou doen. Gen. 31:8 tot 12 – PWL Vertaling.

Jakob het besef dat dit die wonderwerkende hand van YHVH was!!

Bepeins of bespreek

1. Was die bontlammers wat gebore was weens dit wat die ooie gesien het of was dit weens die onsienlike wat Jakob gesien het. Bepeins of bespreek dit in die lig van Heb.11:1 en 6. Moet geloof (vertroue) nie gepaardgaan met 'n handeling nie? Geloof is nie passief nie, maar aktief.
2. Geloof vereis dat ek dit moet doen wat moontlik is en Vader-God sal dit wat onmoontlik is doen!
3. Die oë is die vensters van die siel. Dit wat jy sien, bevrug jou siel en sal jy uiteindelik by wyse van jou gedagtes, woorde en dade geboorte gee aan dit wat jy gesien het. Met jou oë (sintuie) maak jy jou hart vol, en waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Daarom moet jy 'n verbond met jou oë sluit (Job 31:1) met 'n verbondsooreenkoms dat jy nie jou siel met onreine en onheilige dinge sal besoedel nie. In Ps. 101:3 sê Dawid: *I will not allow before my eyes any shameful thing* (Complete Jewish Bible)

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Hosea 12:13 tot 14:10 – Efraim het YHVH verlaat, maar YHVH nie vir Efraim nie

Hosea (*Hoshea* - הוֹשֵׁעַ – Verlosser, Redding) was 'n profeet van die Noordelike Koninkryk, naamlik van die huis van Efraim wat hulle gewaarsku het dat hulle weens rebellie en afgodery deur YHVH gestraf gaan word. Die Noordelike Koninkryk se rebellie en afgodery word vergelyk met die van 'n ontroue eggenote wat hoereer. Soos Hosea sy ontroue vrou, Gomer, vrygekoop het van haar slawerny van owerspel, so sal YHVH vir Efraim vrykoop van haar geestelike slawerny en owerspel.

Hoewel Hosea se waarskuwing een van strafgerigte teen die huis van Efraim is, bevat dit ook die bemoediging dat YHVH, op grond van Sy verbond met hulle, hulle nie totaal sal vernietig nie (Hosea 14:5 tot 9).

Efraim se sonde was veral sinkretisme (vermenging met afgodery) en rebellie teen YHVH weens hul mag en rykdom wat hulle gehad het (Hos. 13:1 6). Hulle het die God van Abraham, Isak en Jakob vergeet en die noodsaaklikheid van Torah-gehoorsaamheid geminag!

YHVH is egter die getroue Verbondsgod en daarom is die belofte: *Ek sal hulle afkerigheid genees, hulle vrywillig liefhê, want my toorn is van hulle afgewend.* (Hosea 14:5). Maar Efraim moet ook soos

Jakob eers hulself in nederigheid voor YHVH verootmoedig en om vergifnis vra vir hul afgodery en rebellie teen Torah.

Een Bruid; Een Israel

Yeshua gaan vir ewig heers oor die huis van Jakob wat uit die 12 stamme (seuns van Jakob) bestaan. Hierdie 12 stamme het later in twee huise verdeel, naamlik die huis van Juda en die huis van Efraim (ook bekend as Israel of Josef).

Die verdeling van die twee Huise was deel van YHVH se plan om Sy volk te beskerm. Die profetiese prentjie daarvan vind ons in die optrede van Jakob toe hy weer vir Esau ontmoet het (Gen. 32: 1 tot 31). YHVH het 'n plan vir elkeen van die twee Huise en elkeen het sy eie unieke probleme en sondes gehad (Jer. 3:6 tot 10). Soos die geskiedenis ontwikkel het, het die huis van Juda vasgehou aan Torah, maar was hulle verblind vir Yeshua, terwyl die huis van Efraim vir Yeshua as Messias herken en aanvaar het, maar Torah verwerp het.

Die Skrifte is egter vol profesie dat die twee Huise weer verenig gaan word (Eseg. 37). Daarom sal Yeshua vir ewig as Koning oor die huis van Jakob (die hele Israel) regeer. Elkeen wat glo in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias is deel van die huis van Jakob – deel van die burgerskap van Israel (Efes. 2:11 tot 22).

YHVH ons Vader-God het dus slegs een huishouding wat bekend is as die huis van Jakob (Israel). Hiervolgens is dit baie duidelik dat as ons wil hê dat Yeshua vir ewig oor ons moet regeer, moet ons deel wees van die Huis van Jakob – die bruid van Yeshua. Ja, selfs diegene (heidene, nie-Jode) wat ingeplant is op die olyfboom is deel van YHVH se volk – deel van die huis van Jakob en dus van die hele Israel.

Natan'el antwoord en sê vir Hom: "Leermeester, U is die Seun van God, U is die Koning van Yisra'el!" Joh. 1:50

Die Verlore Seun

Yeshua het ook by wyse van die gelykenis van die verlore seun geprofeteer oor die terugkeer van Efraim tot Torah gehoorsaamheid. Die kerk het nog altyd die gelykenis van die verlore seun gebruik as verduideliking van 'n teruggevalle sondaar wat uiteindelik berou het en terugkeer tot God. Indien die gelykenis van die verlore seun egter verklaar word in die lig van die twee huise, kry dit 'n totaal nuwe betekenis. Volgens Luk. 15:11 tot 32 sien ons die volgende sinnebeeld:

'n Man (YHVH) het twee seuns gehad (huis van Juda en die huis van Efraim). En die jongste van hulle (Efraim) het vir sy vader gesê: Vader, gee my die deel van die eiendom wat my toekom. En hy (YHVH) het die goed tussen hulle verdeel.

En nie baie dae daarna nie het die jongste seun (Efraim) alles bymekaargemaak en weggereis na 'n ver land (diaspora; verstrooiing; 1Kon 14:15; Hos 1:1-8; die huis van Efraim is in 700vC deur die Asiriëers weggevoer en is tot vandag 'verlore' – "die tien verlore stamme". 2 Kon 17:18).

En daar het hy sy eiendom verkwis (die Torah en die taal verwerp) deur losbandig (Torahloos; wetteloos) te lewe.

En toe hy alles deurgebring het, kom daar 'n swaar hongersnood ('n honger na Torah, Amos 8:11) in daardie land, en hy het begin gebrek ly.

Toe het hy hom by een van die burgers van daardie land (Rooms Katolieke en pous) gaan voeg. En dié het hom in sy veld gestuur om varke (afgode) op te pas.

En hy het verlang om sy maag te vul met die peule wat die varke eet, en niemand het dit (wat hom geestelik kon voed) aan hom gegee nie.

Maar hy (Efraim) het tot homself gekom (geestelike ontwaak) en gesê: Hoe baie huurlinge van my vader het oervloed van brood (simbolies van Torah), en ek vergaan van honger!

Nota: Die huis van Efraim is in al vier windrigtings verstrooi en sodoende is die droom van Jakob bewaarheid (Gen. 28:14). Die meerderheid het egter Noord en Wes gemigreer en uiteindelik die Protestante van Noord en Wes Europa gevorm. Nadat hulle die donker eeue van Katolisisme afgeskud het, het YHVH hulle oervloedig op materiële gebied, en met tegnologiese ontwikkeling, geseën.

Ek sal opstaan (Protestante Reformasie) en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader (YHVH), ek het gesondig (Torah oortree) teen die hemel en voor u, en ek is nie meer werd om u seun (Erfgenaam) genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge.

En hy (Efraim) het opgestaan (Protestante Reformasie) en na sy vader (YHVH) gegaan. En toe hy nog ver was (ver van Torah-gehoorsaamheid), het sy vader (YHVH) hom gesien en innig jammer vir hom gevoel en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen (hoewel hy nog net 'n Protestant was).

En die seun (Efraim) sê vir hom: Vader, ek het gesondig (Torah oortree) teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie.

Maar die vader sê vir sy diensknegte: Bring die beste kleed en trek hom dit aan (Kleed van Geregtigheid), en gee 'n ring (Verlowing en huwelikskontrak, naamlik Torah) vir sy hand en skoene vir sy voete (om in Torah-gehoorsaamheid te wandel).

En bring die vetgemaakte kalf en slag dit, en laat ons eet en vrolik wees.

Want hierdie seun (Efraim) van my was dood (geestelik) en het weer lewendig geword (wedergebore); en hy was verlore en is gevind. En hulle het begin vrolik word.

Nota: Sy vader (YHVH) het Efraim gesien en innig jammer vir hom gevoel en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen. Hierdie is 'n sinnbeeld van hoe YHVH die Protestante geseën het bloot omrede hulle YHVH gesoek het. Hierdie is 'n bitter pil vir die huis van Juda wat deur al die eeue Torah-gehoorsaam geleef het, maar sonder om ooit dieselfde maat van seënninge van voorspoed en beskerming te ontvang as Efraim

En sy oudste seun (Juda) was in die veld, en terwyl hy al nader na die huis (tempel) kom, hoor hy musiek en beurtsange.

En hy (Juda) roep een van die diensknegte na hom toe en vra wat dit beteken.

Dié sê toe vir hom: U broer (Efraim) het gekom, en u vader (YHVH) het die vetgemaakte kalf geslag, omdat hy hom gesond teruggekry het.

En hy (Juda) het kwaad geword en wou nie binnegaan nie. Sy vader (YHVH) gaan toe uit en smeek hom.

Nota: Let op Juda se verontwaardiging (jaloesie), omdat Efraim terug in die Vader se huis verwelkom word ten spyte daarvan dat Efraim (soos Esau) Torah en die verbond met Abraham geminag het.

Maar hy (Juda) antwoord en sê vir sy vader (YHVH): Kyk, ek dien u so baie jare en ek het nooit u gebod (Torah) oortree nie, en vir my het u nooit 'n bokkie gegee, sodat ek saam met my vriende vrolik kon wees nie.

Maar toe hierdie seun van u kom, wat u goed met hoere (afgode, tradisies, eie feeste, verwerping van die Torah) deurgebring het, het u vir hom die vetgemaakte kalf geslag.

Toe sê hy vir hom: Kind, jy is altyd by my, en al wat myne is, is joue.

Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer (Efraim) van jou was (geestelik) dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind.

Bepeins of Bespreek

1. Onthou dat Yeshua gaan Koning van die hele Israel wees, want dit is Sy gemeente en bruid. Yeshua het net een bruid – een liggaam met baie lede.

Onthou wat die BoodsAPPER aan Maria gesê het:

*Die boodskapper sê vir haar: “Moenie bang wees nie, Miryam, want jy het onverdiende guns by God gevind, want let op, jy sal swanger word en geboorte gee aan ‘n Seun en die Naam wat jy Hom moet gee is Yeshua. Hy sal magtig wees en die Seun van Ha’Elyon (die Allerhoogste) genoem word en יהוה-God sal aan Hom die troon van Sy vader Dawid gee en **Hy sal heers oor die huis van Ya’akov tot in ewigheid** en aan Sy Koninkryk sal daar geen einde wees nie.” Luk. 1:30 tot 33 – PWL Vertaling.*

2. Sien jy jousef al as deel die Huis van Jakob, het jy al vrede gemaak dat die Messias die koning van Israel gaan wees?
3. Is hierdie week se Haftorah van toepassing op die hedendaagse kerk? Is daar sinkretisme (vermenging met afgodery) in die kerk en rebellie teen Torah aanwesig? Die Skrif leer dat die vrou (bruid) 'n hulp vir die man (bruidegom) moet wees, iemand wat spesiaal by hom pas, iemand wat hom sal eer vir wie hy is en iemand wat sy huishouding sal inrig soos hy dit graag wil hê. Die vraag is: Pas die huidige Christendom (die bruid) by die Koning van Israel (die Bruidegom)? Is sy 'n hulp en is sy getrou? Sal sy onderdanig wees aan haar Geliefde se wense (die Torah, die huweliksooreenkoms) of is sy 'n hardkoppige en opstandige eggenote?

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat shalom.

Johan

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.